kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse: Kers van Vrede

Woorddiens

Tema: "Sjalom!" Watter stem hoor jy en wat is jou stem?

Skriflesing 1: Jesaja 40:1-11

Skriflesing 2: Markus 1:1-8

Broodjies vir die pad

When Great Trees Fall

When great trees fall,
rocks on distant hills shudder,
lions hunker down
in tall grasses,
and even elephants
lumber after safety.

When great trees fall
in forests,
small things recoil into silence,
their senses
eroded beyond fear.

When great souls die,
the air around us becomes
light, rare, sterile.
We breathe, briefly.
Our eyes, briefly,
see with
a hurtful clarity.
Our memory, suddenly sharpened,
examines,
gnaws on kind words
unsaid,
promised walks
never taken.

Great souls die and
our reality, bound to
them, takes leave of us.
Our souls,
dependent upon their
nurture,
now shrink, wizened.
Our minds, formed
and informed by their
radiance,
fall away.

We are not so much maddened
as reduced to the unutterable ignorance
of dark, cold
caves.

And when great souls die,
after a period peace blooms,
slowly and always
irregularly. Spaces fill
with a kind of
soothing electric vibration.
Our senses, restored, never
to be the same, whisper to us.
They existed. They existed.
We can be. Be and be
better. For they existed.

— Maya Angelou

◆◆◆

"You may say I'm a dreamer, but I'm not the only one. I hope someday you'll join us. And the world will live as one."
— John Lennon

"Peace cannot be kept by force; it can only be achieved by understanding."
— Albert Einstein

"Peace comes from within. Do not seek it without."
— Gautama Buddha

"Letting go gives us freedom, and freedom is the only condition for happiness. If, in our heart, we still cling to anything - anger, anxiety, or possessions - we cannot be free."
— Thích Nhất Hạnh, The Heart of the Buddha's Teaching: Transforming Suffering into Peace, Joy, and Liberation

◆◆◆

Mark does not begin his story with a birth narrative. It starts in the barren wilderness, near but alienated from the capital of human religious and political enterprise, Jerusalem. It is an announcement out of the blue. It reduces its own importance by announcing that the One who is coming and all that Mark will write about his words and deeds is the bold, game-changing action of God.

The landscape of the "wilderness" around Jerusalem is extreme. Where there is no water it is as barren as as a lunarscape. But where there is water it is lush with growth and spectacular flowers. These passages grow out of that biblical experience of extremes. They describe an existential extreme contrast: without the hope and content of the "word of God," (which by its nature exceeds and surpasses any human origin; Genesis testifies that God "spoke" and then *there was life!) human existence is barren, harsh and often feels futile; but when God "speaks" and those words are heeded and treasured, life flourishes, it is rescued, renewed, "righteousness is at home."*

http://sacraconversazione.blogspot.com/2008/11/second-sunday-of-advent-year-b.html

Brood vir die pad

Narre steek vir ons ’n kers teen die donker aan

Wilhelm Jordaan

Wat het die handpop Chester Missing, sy praatmaat Conrad Koch en Niël van Vuuren, spotprenttekenaar van Beeld, gemeen?

Hulle is moderne “mutasies”. Van die baldadige komedie-“geen” wat al eeue lank narrespel voortbring en waardeur net mooi alles onder die son die draak gesteek en gehekel word – van Jacob Zuma tot Dan Roodt, Steve Hofmeyr, AfriForum, rassiste, dwaalgeeste, ministers, edeles, draadsitters en beneuktes en bedonnerdes.

Sulke “mutasies” loop in die voetspore van grotes. Soos Tyl Uilspieël, Reinke Vos en Shakespeare se hofnarre, Archie Armstrong en Will Sommers. En 5 000 jaar voor hulle Indiaanse narre wat die mens se verraderlike hart blootlê om die deur na die gode en die Groot Gees te open. Net in die afgelope klompie dae het narrespel se krag duidelik gespreek:

Luidens berigte in Beeld storm Dan Roodt verlede Donderdag “in simpatico” met Steve Hofmeyr uit die hof nadat hulle ’n bloutjie geloop het met ’n versoek dat Koch (alias Chester Missing) moet ophou om Hofmeyr te teister. Hofmeyr verklaar dis nou oorlog en vra sy aanhangers om kuberwraak te neem.

By dié beriggewing verskyn ’n tekenprent en die nuusbrokkie dat AfriForum beswaard is oor ’n “propagandistiese” tekenprent in ’n matriekvraestel: ’n Vet wit man word met ’n paplepel gevoer deur ’n maer swart man. Met dié vraag daarby: Watter een van die twee het ’n hoër lewensverwagting?

Wat ook al die bedoeling, is die moontlike antwoorde skreeusnaaks. As jy dit ironies bekyk.

In Saterdag se Beeld herhaal Van Vuuren dié tekenprent, maar vervang die maer swart man met Hofmeyr wat lepel in die hand kuberwraak teen sy kritici “voed”.

Wat ’n narrefees van tekste en subtekste! Wat toe nog feesteliker raak deur die onderonsie tussen Roodt en Missing/Koch by die hof. Want juis dít bevestig die Eerste Wet van Narrespel: Humorloosheid kan nooit wen teen sprankelende, onstigtelike humor nie.

Desiderius Erasmus (1466-1536), skrywer van Tot lof van dwaasheid, het lank gelede al gesê narre (komediante) het spesiale gawes wat aan hulle ’n voorsprong gee:
“ . . . woorde wat ’n
wyse man sy lewe kan kos, is verbasend prettig as dit uit ’n nar se mond kom.”

En in sy studie Fights, Feuds and Heartfelt Hatreds: An Anthology of Antipathy skryf Philip Kerr insiggewend oor die armoede van venynige en humorlose persoonlike vendettas: “It is a sign of insecurity. It suggests an inability to argue issues without drawing in personalities. It admits to a paucity of judgment, and an in-ability to separate feeling from thought. More seriously, it self-confesses moral ineptitude.”

Juis daarom kan ’n mens ’n dankbare aardse bergpredikasietjie oor narre en hul mutasies aanhef: Salig is hulle wat jou laat lag, want elkeen steek ’n kers teen die donker aan.

http://www.netwerk24.com/stemme/2014-12-03-narre-steek-vir-ons-n-kers-teen-die-donker-aan

◆◆◆

Wat om te gee vir mense wat reeds alles het

Wat skenk ’n mens aan diegene wat reeds alles het? vra die geselsprogram oor die radio. En inderdaad. Wat bly dan oor om te gee? Die seisoen van géé – van dink aan geskenke en dalk ook heimlik verwag om te krý – het weer aangebreek. In sommige kulture draai dit om ander figure en hul datums – St. Nikolaas, St. Martin, Kersvader – maar vir vele van ons kom dit met Advent, met Geseënde Kersfees en Gelukkige Nuwejaar.

En inderdaad speel die motief van géé, van gawes en geskenke, in die Bybelse vertellinge ’n sleutelrol. Al in Matteus en Lukas se berigte oor die Kind se geboorte val dit op. Wyses uit die Ooste bring goud, wierook en mirre (Matt. 2:11). Maria betuig lof vir onbegryplike guns (Luk. 1: 46-56). Anna en Simeon herken die verlossing waarop gehoop is (Luk. 2:25-40). Engele besing Gods welbehae (Luk. 2:1-20). Apostels dui later dié gebeure as geskenk, gawe, vrye en grootse guns, as Gods liefde vir mense (Tit. 2: 11-14; 3:1-10), as die gawe, oorgawe, self-oorgawe van Gods eie Seun (1 Joh. 4:7-21).

Gestel die kerk sou vandag dié tradisie wou voortsit en in die gees van dié seisoen aan die wêreld geskenke wou gee, wat sou dit kon wees? Wat bly oor om te gee aan mense wat reeds alles het – en niks meer kortkom of verwag nie? Wat sou nog kon verras en bly maak, indien nog hoegenaamd? Waarop hoop ons wêreld dalk nog van die kerk, indien wel enigiets? Oor sulke vrae wonder die Kroatiese teoloog van Yale, Miroslav Volf, in A Public Faith – How Followers of Christ Should Serve the Common Good. Wat het die kerk om die openbare lewe te bied? Sy antwoord is interessant – maar dalk ook omstrede. Die kerk kan aan die wêreld ’n visie help skenk van wat human flourishing regtig beteken, sê hy. Dis glo die hedendaagse in-ding, wat almal begeer en najaag. Ons wil gedy, vervuld voel, bevredig word, ontluik, ontplooi, opbloei, blóm. Maar wat beteken dit? Wannéér gedy ons werklik? Op dié vraag help die evangelie ons antwoorde kry, glo hy.

Maar verwag ons tydsgees regtig van die kérk antwoorde op dié vrae? Is die populêre houding van kultuur en lewenstyl wat kerk en geloof betref nie veeleer been there, done that nie? Méér algemeen as om na die kerk te kyk vir oriëntasie is tog eerder die gevoel dat wát die kerk met sy evangelie ook al mag weet, verstaan ons self beter en wát die kerk met sy evangelie ook in die verlede mag bygedra het, dié kan ons nou sélf, baie dankie. Die evangelie se gróót woorde – genade, vergifnis, versoening; naasteliefde, barmhartigheid, sorg – en die gróót bydraes van gister – tot vryheid, geregtigheid, menswaardigheid, vrede – dié klink tog alles na ou nuus? Maak dié strewes nog enigeen opgewonde? Klink dit nog nuut, verrassend, opwindend – soos geskenke vars uit die papier? In ’n omgewing waar ons almal so blasé en selfvoldaan kon word dat selfs dié drome nie meer ons harte vinniger laat klop nie, wat géé ’n mens nog as geskenk aan dié wat – dínk dat hulle – reeds alles weet en besit?

http://www.netwerk24.com/stemme/2013-11-23-geestelike-waardes-wat-om-te-gee-vir-mense-wat-reeds-alles-het

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877